

Tema: Nuwejaarsvoorneme? Doen in 2016 die dinge wat God vir jou voorberei het om te doen.

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens

Lied 200: 1,2

Lied 215: 1,2,5

Ontmoetingsdiens

Intreelied Ps 25 - 1: 2

Votum

Seën

Loflied Ps 8 - 2: 1,2,3,4,5

Geloofsbelydenis: dele uit NGB art 24.

Verootmoedigingsdiens

Wetlesing: Rom. 13: 8 – 14

Sing Sb 14 - 4: 1,2,4

Gebed

Woorddiens

Skriflesing Efesiërs 2: 1 - 10 en 4: 1 - 6

Teks: Efes. 2: 10

Sing Sb 17 - 1: 5,6

Woordverkondiging.

Antwoorddiens

Gebed

Liefdegawes

Gebed vir Bediening na Buite

Sing Sb 18 - 3: 8,9 (Mel Ps 149 - 1)

Seën

Amenlied Sb13 - 2.

Nuwejaarsvoornemens bly maar 'n gewilde onderwerp so aan die begin van elke jaar. Luister jy na mense se voornemens dan tref dit jou dat die dinge wat hulle wil doen gewoonlik om hulleself draai bv.: ek wil vanjaar meer tyd aan myself spandeer, gesond eet, innerlike vrede beleef, meer blydschap ervaar, ens. ens. Kyk 'n mens na die *TIME* tydskrif van Amerika se lys van die top 10 van Amerikaners se voornemens waarby hulle nooit uitkom om te doen nie, dan sien jy dat dit hoofsaaklik om eie belang gaan. Slegs een van die 10 draai om ander mense:

- Lose Weight and Get Fit
- Quit Smoking
- Learn Something New
- Eat Healthier and Diet
- Get Out of Debt and Save Money
- Spend More Time with Family
- Travel to New Places
- Be Less Stressed
- Volunteer
- Drink Less

Maar brs. en srs. en kinders

Ons as gelowiges weet egter dat daar meer om die lewe draai as bogenoemde (goeie) bedoelings en voornemens. Die sin van my lewe word net gevind wanneer ek my Godgegewe roeping vervul. Daarom behoort Christene se nuwejaarsvoornemens heeltemal anders te lyk.

Die Here sê dus vanmore vir ons: As gelowiges kan en moet ons ons voorneem om vanjaar die dinge te doen wat God vir my voorberei het om te doen!

Ja, ons vernoem nie net die jaar 2016 na Christus nie, God lê ook beslag op my jaar met die dinge wat Hy wil hê ek moet doen. Dit behoort my verlange te wees om juis die dinge te doen wat God vir my gereed gemaak het.

Kom ons vra in die eerste plek:

Hoekom kan my nuwejaarsvoornemens nie net om myself en my belange draai nie? Hoekom het God die reg om my jaar te vul met dinge wat Hy wil hê ek moet doen?

Want ons teksverse maak dit baie duidelik dat God ons uit 'n sinlose bestaan gered het alleen op grond van sy genade en liefde. Vers 4 en 5 sê God het ons hierdie nuwe lewe gegee alleen omdat Hy ons liefhet en omdat sy hart vol genade en barmhartigheid is. Vers 6 beskryf vir ons die wonderlike lewe wat God vir ons gegee het saam met Christus en vers 7 praat van die goedheid van God wat Hy deur ons lewe wil bewys. Vers 8 en 9 beklemtoon opnuut: uit genade is ons gered – dit kom nie uit onself nie maar uit God!

En dan ons teksvers wat sê ons is God se “maaksel”, die produk van sy handewerk! En omdat Hy ons gemaak het, ons die produk van sy hande is, daarom het God volle seggenskap oor my lewe! Daarom bepaal Hy wat in 2016 vir my voorlê en kan Hy my lysie van nuwejaarsvoorneme vul met die dinge wat Hy wil hê ek moet doen! Dit gaan nie om myself en wat ek wil hê nie maar in wat God – wat seggenskap oor my lewe het – en wat Hy wil hê.

Brs. en srs., die vraag is of ons nog bereid is om na aanleiding van die metafoor van die pottbakker en die klei van Jes 29 en Jer. 18 te sê: “vorm my en maak my net soos u wil?” Want juis met daardie metafoor bevestig die Here dat Hy volle seggenskap oor ons lewe het en dat ek my lewe skik soos God wil hê ek dit moet doen.

Is jy in hierdie jaar ook bereid dat God maar jou nuwejaarsvoorneme se lysie mag vul? Of wil ek en jy self besluit wat vir ons die beste is?

Ons teksvers sê verder dat God ons “in Christus geskep” het om te doen wat Hy wil dat ons moet doen! En die wonderlike is dat God vir elkeen van ons iets besonders gee om te doen! Elke gelowige kry in 2016 sy of haar eie en besondere werk om te doen. Hierdie goeie werke wat God wil hê ons moet doen is dus nie maar iets algemeen nie! Ons lees ons in **Rom. 9 : 20 – 21:**

“Mens, wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer? Hoe kan die maaksel vir sy maker sê: “Waarom het jy my so gemaak?” 21Het die pottbakker nie die reg om uit dieselfde klomp klei iets besonders én iets alledaags te maak nie? Ook in 2 Tim 2 verse 20 – 21 “In ’n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en klei. Sommige is vir besondere gebruik en ander vir die alledaagse. As iemand hom van die kwaad gereinig het, sal hy ’n voorwerp vir besondere gebruik wees. Dan sal hy vir die eienaar afgesonder en bruikbaar wees, voorberei vir enige goeie diens.”

Br. en sr., die Here skryf dus op elkeen van ons se lysie van nuwejaarsvoornemens dit wat Hy wil hê elkeen van ons besonderlik vir Hom moet doen! Naas die feit dat ons in 2016 elke dag gehoorsaam aan God se wil moet leef wil Hy ook dat ek en jy met **ons eie gawes, ons eie besondere roeping en binne ons eie leefruimte die werk moet doen wat Hy ons voor bestem het! God het dus in hierdie jaar iets besonders net vir jou in gedagte!**

Ons teksvers sê God het die goeie werke – wat Hy wil hê ons moet doen – vir ons “vooraf gereed gemaak en voorberei.” Wys skyfie: Dit beteken: reeds voordat God my en jou gemaak het, het Hy geweet wat Hy wil hê moet ek en jy vir Hom doen in 2016! Brs. en srs. is dit nie ongelooflik wonderlik nie?! Dat God reeds die goeie werke voorberei het wat Hy wil hê ek hierdie jaar vir Hom moet doen! Die Here het dus klaar my lysie van nuwejaarsvoornemens vir my geskryf en Hy wil dat ek dit vir Hom doen!

Brs. en srs., ons het nou vasgestel waarom God die reg het om my lysie nuwejaarsvoornemens saam te stel. Nou vra ons in die tweede plek die vraag: hoe sal ek kan doen wat God wil hê ek moet doen?

Ons wat dit bykans nooit regkry ons eers ons eie voornemens te vervul nie! Hoe sal ek dan nog God se goeie werke wat Hy vir my voorberei het, kan uitvoer? Hoe sal ek dit kan regkry?

Geliefdes, die genadige antwoord lê in die frases “saam met Christus” en “in Christus” wat 5 keer in ons gelese gedeelte voorkom! Kyk net wat het God deur Christus vir ons gedoen! Vers 5: toe ons dood was van die sonde het God in “saam met Christus lewend gemaak”. **Ons nuwe lewe as gewillige kunswerke of potte in God se hand is gebore in Christus!** Hy het vir ons sonde betaal en toe Hy opgewek is op die derde dag het ek en jy saam met Hom opgestaan in 'n nuwe lewe! Die krag van die nuwe lewe lê dus in Christus – Hy maak dit vir my moontlik!

Meer nog! Vers 6 sê **ons sit ook saam met Christus reeds in die hemel!** Ons het die sekerheid van oorwinning en kan van daaruit ons lewe lei soos God dit vir ons voorberei het! Ons sien reeds die einde en met die einde in sig, leef ons nou vir God! **Ons leef dus as't ware terug – vanuit die sekerheid dat ons die oorwinning gaan behaal, leef ek elke dag met 'n positiewe ingesteldheid oor wat ek dit dag moet doen en kan doen!**

Vers 7 sê dat God al hierdie goedheid en genade aan ons bewys het ter wille van **Christus en dat Hy wil hê dat deur ons gehoorsame lewe aan Hom, die mense God se goedheid kan raaksien!**

Vers 10: ons is **“in Christus geskape”** vir die goeie werke!

Hoe gaan ek en jy God se nuwejaarsvoornemens lysie uitleef in 2016? Deur in 'n noue verhouding met Christus te lewe! Elke dag aan Hom vas te hou! Elke dag versoening met God deur Hom vind en elke dag met sy Gees gevul te word! Want Hy het juis dit moontlik gemaak dat God die Heilige Gees oorfloedig in ons uitstort en vanuit ons verhouding met Christus en ons biddende lewe met die Gees, kan ek en jy doen wat God wil hê ons moet doen!

Geliefdes, is die Here nie 'n wonderlike genadige God nie? Dit wat Hy ons gemaak het, dit wat Hy wil dat ons vir Hom moet doen, daarvoor stel Hy ons in Christus in staat om dit te doen! Ek en jy kan dus God se goeie werke in 2016 doen!

Ons kan ons daarin verlustig en ons elke dag daarmee besig hou. Die Griekse woord wat gebruik word om te sê dat ons “ons lewe sal wy” aan God se goeie werke of soos die ouer vertaling dit stel: “om daarin te wandel”, **is 'n woord wat gebruik word om te sê dat 'n mens nie net doelbewus op pad êrens heen is nie, maar dat jy rondbeweeg terwyl jy op pad is.**

Kom ek verduidelik dit vir ons kinders met die volgende beeld: (wys skyfies)

Dit is om soos pragtige tuin te besoek : ek beweeg doelgerig deur die tuin, maar ek stop by elke pragtige blom en stap dikwels self weer terug om iets moois te aanskou, maar ek is op pad deur die tuin. **Dit is hoe ons ons met God se goeie werke besig**

hou! Ek weet wat die Here wil dat ek moet doen en ek hou my deur die jaar daarmee besig. Dit is waarvoor Hy my gereed gemaak het.

So geliefdes, moet ons in 2016 doelgerig besig wees met die goeie werke wat God vi my en jou voorberei het.

Die laaste vraag sou dan wees: Hoe weet ek wat God op my lysie van nuwejaarsvoornemens vir 2016 geskryf het?

Brs. en srs., ons leer dit ken deur die Woord te bestudeer en baie te bid! Die goeie werke is natuurlik alles wat God vir ons in die Bybel leer om te doen! Ons sal dit as die vrug van Gees kon beskryf soos in Gal 5: 22 of soos Paulus dit in Efes. 4: 1 – 2 beskryf. Of ons kan dit sien binne die raamwerk van die uitvoering van die groot gebod naamlik: dat ons God en ons naaste bo alles lief sal hê!

Maar dit is ook meer spesifiek as dit! God se goeie werke wat Hy vir jou voorberei het vir vanjaar het te doen met waar die Here jou in hierdie jaar gaan plaas en gebruik! Binne jou gesin, binne jou werkkring, binne die skool waar jy is of die pos wat jy beklee? Hoe gaan ek my werk doen hierdie jaar? Daar is dinge wat die Here wil dat jy moet doen.

Hierdie goeie dade word duidelik met die mense wat God op jou pad gaan bring in hierdie jaar. Hoe ek teenoor hulle gaan handel. Maar uiteindelik gaan dit die dinge wees wat ek moet doen sodat God in my lewe verheerlik word! Om dus te weet wat die Here wil dat jy moet doen – leef elke dag uit die Woord en bid volhardend dat die Here elke dag vir jou sal wys wat daardie dag se goeie werk is.

Geliefdes, wat 'n wonderlike voorreg om nog 'n jaar te betree. 'n Jaar vernoem na ons Here Jesus: 2016 na Christus! Maar ook 'n jaar wat God vir my en jou goeie werke voorberei het wat Hy wil dat ons sal doen! En 'n jaar waarin ons dit gaan doen omdat ons in Christus kan leef en uit die krag van die Gees kan doen wat God wil dat ons moet doen!

Jy het dalk iets anders in gedagte gehad! Mag die Here jou gedagtes vernuwe om sy goeie werke te doen! Miskien is jy een van daardie mense wat sê: ek maak nie nuwejaarsvoornemens nie! Ek leef maar net elke dag! Dalk moet jy herbesin en besef dat God vir jou 'n lysie saamstel wat Hy wil waarmee jy jou elke dag moet besig hou

Br. en srs., God is die pottebakker en ons die klei: kom ons bid dan met oorgawe: doen met my in 2016 wat u wil, Here!

Amen